

Lekkerbekkie Nuusbrief

11 MAART 2015 | UITGAWE 91



Inhoud:

- * Kinderstorie: Die seeslakkie se nuwe huis (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Spinnestories!
- * Inkleurprentjie: Die seeslakkie se nuwe huis

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die seeslakkie se nuwe huis deur Corlie Putter

Sindy en haar ouma stap langs die see. Dis vir hulle lekker om in die poeletjies tussen die rotse na al die krappies en vissies te kyk. Sindy hardloop in die vlak water en soek skulpies om in haar emmertjie te sit. Skielik waai die wind haar sonhoed van haar koppie af! Sindy hardloop agter dit aan en toe sy buk om dit op te tel hoor sy 'n baie sagte stemmetjie roep.

Eers dink Santie dis net die wind wat so roep, maar dit is nie. Sy tel haar sonhoed versigtig op en sien 'n seeslakkie op die rots. "Vat my asseblief saam met jou huis toe?" roep die seeslakkie nou weer. "Ek wil nie meer hier langs die see woon nie – asseblief, dogtertjie!"

Sindy buk af en tel die seeslakkie versigtig aan sy skulpie op. "Haai," vra sy verbaas, "is dit dan nie vir jou lekker hier op die strand nie?"

Die seeslakkie sug en sê dan: "Dit WAS eers lekker, maar toe word dit vervelig. Ek soek 'n nuwe huis. Wys maar jý woon, asseblief?"

Sindy kan dit glad nie verstaan nie. "Maar dis dan so lekker by die see!" sê sy. "En julle seeslakkies seil so lekker vinnig oor die nat sand en maak die mooiste spoortjies voor julle onder die sand in kruip!"

Maar dit help alles net mooi niks. Die seeslakkie wil saam met Sindy huis toe gaan. Hy wil nie meer by die see woon nie.

"Nou goed dan, Seeslakkie," sê Sindy, "as jy regtig wil kan jy maar saam met my kom." Sy sit die seeslakkie in haar emmertjie, skep 'n bietjie water by en stap saam met haar ouma terug huis toe.

By die huis sit Sindy die emmertjie op die stoep sodat die seeslakkie die hele dag lank in die tuin kan rondkyk. Die seeslakkie lyk baie gelukkig daar in die emmertjie. Toe dit aand word vat Sindy die emmertjie na haar kamer toe en sit dit langs die bedlampie neer. "Nag, Seeslakkie" sê Sindy. Die seeslakkie gaap. Hy is ook moeg, maar die lig pla hom. Hy kan glad nie aan die slaap raak nie! Die hele nag lank swem hy heen en weer in die emmertjie.

Die volgende oggend maak hy Sindy somer vroeg al wakker. "Ek dink ek wil liever teruggaan strand toe, dankie. Ek wil onder die sand gaan inkruip waar dit lekker donker is. Dis heeltewel te lig hier waar jy woon!"

"Nou goed dan," giggel Sindy. Later die oggend dra sy die emmertjie tot by die strand en haal die seeslakkie versigtig uit. Sy sit hom op die nat sand neer en kyk hoe hy begin om 'n lang spoortjie te maak soos hy dieper en dieper onder die sand in gly. Daar raak hy dadelik vas aan die slaap, en Sindy weet somer hy gaan nooit weer 'n ander huis wil hê nie!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Spinnestories!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskriffie is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Hierdie week verskyn 'n splinternuwe storie-CD, "Spinnestories", vir ons 3-9 jarige maatjies! Estie Spinnepkop is baie goed met stories uitdink. Wanneer sy in haar nuwe huisie in die tuin intrek, sukkel sy om maats te maak. Almal is bang vir haar! Maar dan begin sy vir hulle van haar vreemde stories spin... en sommer gou drom die goggatjies voor haar huisie saam om na haar stories te luister. Wat gaan gebeur as die goggatjies uitvind dat Estie se stories nie waar is nie? Sal hulle dan nog steeds haar maats wil wees? Kry jou SPINNESTORIES-CD voor 16 Maart by enige AnnaEmm agent vir slegs R85 (gewone prys R95) – of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Kom ek spin vir jou 'n storie...

Dis wat Estie Spinnepkop doen. Sy is goed met stories uitdink, en toe die goggas in die nuwe tuin nie met haar wil maats maak nie, begin sy vir hulle stories vertel... opwindende stories oor vreemde dinge...


Maar sal hulle nog met haar wil vriende wees as hulle uitvind dat Estie se stories nie waar is nie?

Stories op die CD:

1. Die storie van die allemintige kwaker
2. Die storie van die vlieënde pofadder
3. Die storie van die donker dag
4. Die storie van die erdwurm se tande

Kry jou Spinnestories-CD nou @ slegs R85!

Gewone prys R95 | Aanbod sluit 16 Maart
SLEGS BY ANNA EMM AGENTE



annaemm
kinderstories

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area!
Aanbod sluit 16 Maart 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories-produkte te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die seeslakkie se nuwe huis illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za